

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE OPRIGTING VAN 'N TRUST

Trusts is vir geruime tyd lank reeds baie gewild vir die belastingvoordele wat dit bied. Dit geld vir inkomste- en boedelbelasting. Die belastingvoordele was toelaatbaar mits dit binne die voorwaardes van belastingvermydingsklousules van die wet val. Wysigings aan die belastingwette gedurende die afgelope paar jare het egter getoon dat dit nie raadsaam is om 'n trust slegs vir belastingdoeleindes op te rig nie. Tans bied trusts eerder belastingnadele teenoor ander besigheidsvorme en daarom is dit belangrik dat 'n trust deel van 'n weldeurdagte erfopvolgingsplan moet wees.

'n Trust is 'n baie veelsydige besigheidsvorm en kan baie nuttig gebruik word in die volgende gevalle:

- Beskerming van begunstigdes se belange (teen hulle self en teen finansiële risiko's);
- Kontinuiteit van die boerdery na afsterwe van die oprigter ; en
- Beperkte aanspreeklikheid op die bates van die oprigter.

As 'n besigheidsvorm vergelyk 'n trust baie goed met ander besigheidsvorme terwyl dit terselfdertyd ook 'n handige instrument vir erfopvolging is.

WETLIKE KENMERKE

Omdat 'n trust so 'n veelsydige en buigbare besigheidsvorm is, is dit baie moeilik om 'n absolute definisie daarvoor te gee. In 'n baie eng sin is 'n trust 'n wetlike instelling waar 'n tussenganger (trustees) eiendom behou en bestuur volgens 'n ooreenkoms van 'n ander persoon (oprigter), nie vir persoonlike gewin nie maar tot voordeel van benoemde begunstigdes. Volgens die inkomstebelastingwet kan die trust uit kontant of enige ander bates bestaan. 'n Trust kan ook 'n besigheid teen 'n wins bedryf, soos in die geval van 'n boerdery.

Daar is sekere beperkings vir die gebruik van 'n trust as besigheidsvorm. Die maatskappywet plaas 'n beperking op die aantal trustees van 'n trust. Sodra daar meer as twintig trustees is moet die trust as 'n maatskappy registreer. Die trust sal ook ongeldig wees as die breë publiek uitgenooi word om 'n belang daarin op te neem. Die groot toename die afgelope aantal jare in die aanwending van trusts vir besigheidsdoeleindes het ook tot gevolg dat bestaande wetgewing hersien moet word omdat daar tekortkominge en tegniese gebreke is wat reggestel moet word.

PARTYE TOT 'N TRUST

Volgens definisie is daar drie partye by 'n trust betrokke, naamlik die oprigter, die trustees en die begunstigdes.

Oprigter

Die oprigter is die persoon wat eiendom na 'n trust toe oordra en per ooreenkoms (die trustakte) sy voorwaardes wat daaraan verbonde is aan die trustees neerlê. Hoewel die oprigter ook 'n trustee mag wees, is daar verskeie tegniese redes waarom hy nie die enigste trustee kan wees nie. Wanneer die trust opgerig is en die bates oorgedra is, het die oprigter geen jurisdiksie meer oor die bates nie. Indien hy 'n trustee is kan hy in hierdie hoedanigheid, saam met die ander trustees, die bates bestuur en beheer.

Trustees

Die trustee is enige persoon wat in die trustakte daartoe gemagtig is, om as trustee op te tree. Die trustee moet 'n bevoegde persoon wees, wetlik in die trustakte aangestel wees en die aanstelling skriftelik aanvaar het. Die trustee kan deur die oprigter aangewys word, deur die bestaande trustees aangewys word, deur die begunstigdes aangewys word, deur 'n hofbevel aangewys word, statutêr aangewys word of deur die Meester van die Hoogeregshof aangewys word.

Begunstigdes

'n Trust word uitsluitlik vir die doeleindes van die begunstigdes opgerig. Gevolglik is 'n trust sonder begunstigdes nie moontlik nie. Enige natuurlike of regspersoon kan as 'n begunstigde genomineer word. Hulle kan in naam genomineer word (Jan Harm du Toit) of as 'n groep (afstammeling van Jan Harm du Toit). Begunstigdes kan dus reeds gebore of ongeboore persone insluit. Hoewel daar 'n beperking op die aantal trustees is (twintig), is daar nie 'n beperking op die aantal begunstigdes nie. Die regte en voorregte van die begunstigdes word in die trustakte uitgespel.

OPRIGTING

'n Trust kan deur middel van 'n ooreenkoms, testament, hofbevel of 'n statutêre liggaam opgerig word.

Ooreenkoms

Die tipiese *inter vivos* trust (in lewe opgerig) word per ooreenkoms tussen die oprigter en die trustees opgerig, tot voordeel van die begunstigdes. Die begunstigdes is nie deel van die ooreenkoms nie en behoort gevolglik ook nie teenwoordig te wees tydens die formulering daarvan nie.

Testament

Die trust kan ook ingevolge 'n testament opgerig word. Sulke trusts (*mortis causa*) kan onder dieselfde voorwaardes as 'n *inter vivos* trust opgerig word maar die werklike uitvoering daarvan sal eers geskied as die oprigter te sterwe kom. Al die voorwaardes, trustees en begunstigdes sal in die testament beskryf word.

Hofbevel

In die geval van sensitiewe dispute, soos die beskerming van familiebaties tydens 'n egskeiding, kan die hof so 'n dispuut met behulp van 'n trust bylê. 'n Hofbevel sal dan bepaal dat die trust opgerig word, wie die trustees mag wees en wie die begunstigdes gaan wees.

Statutêr

Die Nasionale Parkeraad is 'n voorbeeld van 'n statutêre trust. Daar is verskeie ander sulke trusts wat deur die staat in nasionale belang opgerig is.

'N GELDIGE TRUST

'n Trust sal geldig wees as die oprigter die voorneme het om een op te rig, die eiendom wat oorgedra moet word duidelik beskryf is en die doel waarvoor die trust opgerig word, omskryf is. Die doel van die trust moet ook binne die wet val. 'n Trust kan nie vir onwettige doeleindes opgerig word nie. In die geval van 'n *inter vivos* trust is dit die betrokke persone (trustees en begunstigdes) se verantwoordelikheid om te bepaal of die trust vir onwettige redes opgerig word. Daar teenoor kan die Meester van die Hoogeregshof in die geval van 'n testamentêre trust besluit of dit vir onwettige doeleindes opgerig gaan word en kan hy so 'n trust se oprigting verbied.

Volgende keer: Die administrasie van 'n trust.

BETHLEHEM
November 2003